# Waterkruik

Die Gereformeerde Kerk WATERKLOOFRAND

JAARGANG 62 NO 40 12 Oktober 2025

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie
***By die deure:*** Kerkkas

## DIENSBEURTE

**Sondag 12 Oktober**
**Oggend: Wyke 28 & 1**

*Oudle:* De Wet Boshoff
Hennie Steenkamp
*Diakens:* Leon Haasbroek
Phillip Fourie
David Kleyn
Francois de Kock

***Aand:*** **Wyke 2 & 3**
*Oudle.:* Johan Reynders
Arie Hoogenboezem
*Diakens:* Herman Bonnet
Herman van Heerden

## TEESKINKBEURTE

Die susters van wyke 25 & 26 nooi u hartlik uit om te kom skink, drink en kuier na die erediens. Dankie aan *Mada du Plessis en Christine Lemmer* wat vanoggend aan die stuur staan.



## BREË KERKRAADSVERGADERING

Die breë kerkraad vergader eerskomende **Donderdag** 16 Oktober 2025 om 19:00 in die saal.

*U voorbidding word gevra vir die Here se leiding en seën op hierdie vergadering.*

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie
19:00 Breë Kerkraad

**Vrydag 17 Oktober**
18:00 Gemeentebraai

**Saterdag:**
11:00 Lente-ete Seniorlidmate

## KATKISASIE

Die katkisasie open volgende Sondag na die erediens.
Die hoërskool katkisasie open Maandag 20 Oktober.

## BYBELSTUDIE

Die Donderdag Bybelstudie hervat op Donderdag 16 Oktober om 09:30 in die konsistorie.

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus." 1 Korintiërs 15:57*

*Vandag*

| | |
|---|---|
| Hanlie Louw | 073 604 9334 |
| Kilayne Pelser | 082 856 4470 |

Maandag 13 Oktober

| | |
|---|---|
| Nicolaas Hoffman | 076 563 7296 |

Woensdag 15 Oktober

| | |
|---|---|
| Tap du Plessis | 083 300 7869 |
| Pieter Lindeboom | 072 355 6732 |

*Saterdag 18 Oktober*

| | |
|---|---|
| Daniël Blom | 083 229 0275 |



*12Van U kom*
*rykdom en eer. U*
*heers oor alles.*
*Mag en krag*
*word deur U*
*geskenk, en dit*
*berus by U om*
*enigiemand groot en sterk te*
*maak. 13En nou loof ons U, ons God,*
*ons prys u glansryke Naam, 14want wie*
*is ek en wie is my volk dat ons die*
*vermoë sou hê om sulke gawes te*
*bring? Alles kom tog van U af en ons*
*gee aan U wat ons van U gekry het.*
*1 Kronieke 29: 12 - 14*

## MEELEWING

Ons is saam met *Julihana le Roux* 082 854 4219 dankbaar dat die kliere onder haar arm, wat Dinsdag tydens 'n operasie verwyder is, geen kwaadaardigheid toon nie. Ons bid saam met jou dat jy na nog 4 laaste chemobehandelings gesond sal wees.

Ons innige simpatie met *Pieter 083 778 3781 en Maarteli 082 675 5571 Smit*. Pieter se broer is verlede Saterdag oorlede. Mag die Here julle vertroos en versterk in hierdie hartseer tyd.

## HERVORMINGSDIENS

Die Klassis se Hervormingsdiens wat vanjaar deur GK Cullinan gereël word, vind plaas op **Sondag 26 Oktober om 16:00 by GK Wapadrant.**
Ds. Paul van den Berg sal die erediens lei.

## BEROEPENUUS

**Beroepe aanvaar**
Dr JA (Jannie) Erasmus van GK Odendaalsrus na GK Potchefstroom-Die Bult

## SANGGROEP OEFENING

Die sanggroep olv Eljé Oosthuizen oefen volgende Sondag 19 Oktober om 16:30 in die kerk. Almal is hartlik welkom.
Navrae: Eljé 076 6307006 / Ansie 072 605 8675

## KALENDER VIR OKTOBER

Die volgende funksies vind in Oktober plaas

16 Oktober Breë Kerkraad
17 Oktober Gemeentekuier
18 Oktober Lentekuier Senior Lidmate
19 Oktober Doop Kleo Reinecke
Gemeentevergadering
26 Oktober 09:00 Hervormingsdiens
16:00 Hervormingsdiens Wapadrant

## HOËRSKOOL BYBELSTUDIE

**Bybelstudie & Aktiwiteite** tot November

**26 Oktober** - Ewigheid teenoor 'n oomblik.
**2 November – Afsluiting.**




**RSVP ASB VOOR MAANDAGMIDDAG 13 OKTOBER.**

## HULPKOSTER

Ons is dringend op soek na 'n hulpkoster. Vir meer inligting, skakel Riaan Reinecke 079 903 3930

## KERKBLAD SPESIALE UITGAWE

Indien jy nog 'n uitgawe van die spesiale Kerkblad van September "Paul Kruger – die Godsman-1828 – 2025 " wil bekom, daar is nog 3 ekselplare @R50 per ekselplaar in die kantoor beskikbaar. Kontak Nienke 083 398 9080

## JEUG VAN GISTER

Ons het die afgelope Dinsdag 'n lieflike uitstappie na Ludwigs se roosplaas gehad, opgewonde tussen die rye roosplante deurgestap en orals geruik voordat besluit is wat wie wil koop – 'n moeilike keuse om te maak. Daarna lekker in die restaurant gekuier. Ons maak beslis weer vorentoe so. Dit was alte lekker om bietjie buite in die natuur te kuier sonder die geraas van mense en verkeer! Onthou, ons laaste kuier vir die jaar op 11 November.



## SENIOR LIDMATE




***Elke lidmaat wat die funksie gaan bywoon moet asb 'n jeugfoto saambring.***

***RSVP vandag nog by Nienke 083 398 9080***

*************

*Indien jy jou hart vul met verwyte oor gister en bekommernisse van more, het jy geen vandag om voor dankbaar te wees nie.*

## JESUS STUUR ONS OM TE GETUIG

*Matteus 10:1-16*

Hy leer ons ook hoe om dit te doen. In Matteus 10 lees ons hoe Jesus sy dissipels, die eerste sendelinge, uitstuur om die evangelie te verkondig aan ’n wêreld onder God se oordeel. Jesus se dissipels moes sommer vroeg-vroeg leer dat daar werk op hulle wag hulle moes vissers van mense wees. Die beginsel is eenvoudig: dissipels maak nuwe dissipels. Dit is steeds vandag hoe God sy kerk laat groei. Maar so baie keer word die vraag gevra: "Dominee, hoe kan ek die evangelie aan ongelowiges verkondig? Ek het dan geen opleiding nie."



Hier leer ons 'n paar basiese beginsels wat Jesus aan sy dissipels geleer het, maar wat deur die eeue nog net so goed werk:

- Jesus leer sy dissipels om te bid vir die oes wat ingesamel moet word (Matt. 9:38).
- Niks in die lewe mag jou aandag aftrek van jou doel en taak om die evangelie te verkondig nie.
- Daar is net een boodskap, en dit is Jesus Christus.
- Deur liefde aan mense te bewys, sluit God die deur oop dat die koninkryk verkondig kan word.
- Die opdrag is om nie net lukraak te verkondig nie. God se kerk word gebou deur verhoudings. Daarom die opdrag om nie van huis tot huis te gaan nie, maar te bly waar jy ontvang word.
- Bid vir vrede in elke huis. Wanneer Jesus aan sy dissipels verskyn, is sy woorde altyd: "Vrede vir julle." Dit is omdat Hy die prins van vrede is, en ware vrede net by Hom gevind kan word.
- Verkondig aan dié wat ontvanklik is vir die boodskap. Nie almal is deur God uitverkies nie. Maar die mens wat deur God voorberei is, op hom sal die vrede waarvoor gebid is, bly.

*Ds. JD Potgieter (Dreyer) (Meyerspark)*

## SNIPPERS

### EXPANDO

Hulle bied die volgende Webinaar aan op Maandag 20 Oktober 18:00 -19:00 Gesonde gemeentes het 'n gesonde bediening vir kinders, tieners, jongmense en gesinne.
Jonger gesinne sluit graag by sulke gesonde gemeentes aan.

Kom vind meer uit en gesels saam by ons volgende webinaar oor **Gesonde Gemeentes: Kinder-, tiener-, jongmens- en gesinsbediening**. Kontak Ds Jan van der Walt (vaaljasfontein@gmail.com), Ds Marcel Floor (marcelfloor07@gmail.com) om die skakel na die webinaar te ontvang.

## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Vakant

**VOORS DIAK**
Herman van Heerden
082 604 3352

**OUDL. SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**ORRELIS**
Ansie Wichmann
072 605 8675

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**

Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**

Snap here to pay
SnapScan